

# » Voeding volgens plantontwikkeling »

## VOOR PLANT

## VROË VEGETATIEF, MET PLANT

## MIDDEL VEGETATIEF, TOPBEMESTING

## BLOMSTADIUM

MIELIES

**KynoPlus™**  
Vir verbeterde stikstofdoeltreffendheid wat beskikbare stikstof in die grond verhoog.

**KynoPlus™ - mengsels:**  
Om stikstof, fosfaat en kalium doeltreffend in die grond te sit.

**KynoPop™**  
Vir 'n vinnige begin en sterk saailinge.

**KynoPlus™ - NPKS-plantermengsel**  
Om gedurende hierdie stadium in die mielieplant se lewende goeie potensiaal aan te lê.

**KynoPlus™ en KynoPlus™ - mengsels:**  
Effektiewe bemesting wanneer die voedingsbehoefte van die mielieplant geweldig toeneem.

**Mielie OEMFF®:**  
'n Blaarvoeding om die effektiwiteit van die mielieplant te verbeter.

**Mielie OEMFF® B16:**  
Om gedurende stufmeelstort, bestuiving en bevrugting in die spesifieke voedingsbehoefte te voorsien.

**KynoPlus™-mengsels Foli-Grande of Foli-Plus:**  
Het die nodige voedingstowwe in, om graanvul te verbeter.

Met Kynoch se innoverende en pasmaak-produkte kan jy bemesting toedien volgens jou mielieplante se behoeftes en groeistadiums. So verseker Kynoch dat jou mielieplante kry wat hul nodig het, wanneer hul dit die nodigste het. Boonop het jy gemoedsrus, omdat jy weet, met Kynoch op jou plaas van meet af aan, haal jy net die beste uit jou mielies en is jy verseker van verbeterde doeltreffendheid in graankwaliteit en opbrengspotensiaal.

**Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.**



Farmisco (Edms) Bpk. h/a Kynoch Fertilizer Reg. No. 2009/0092541/07

KynoPlus™ is geregistreer as kunsmis groep 1 – Reg. No. K8024, KynoPop™ Reg. No. K3101, Mielie OEMFF® Reg. No. K8702 en Foli-Grande Reg. No. K8045 (Alle produkte is geregistreer onder Wet 36 van 1947)

011 317 2000 | info@kynoch.co.za | www.kynoch.co.za  
Nie handeldrywend in die Wes-Kaap nie.

# Hoër effektiwiteit is die rigting om te gaan

JOHAN VAN BILJON, hoofbestuurder: Opbrengsverbeteringstelsels, Kynoch Kunsmis

Or die jare is daar geweldig baie kennis oor die verskillende plantvoedingstowwe opgebou. Ons het nou die tyd bereik waar daar nie net na voedingstowwe en hulle toedieningshoeveelhede gekyk moet word nie, maar ook na die effektiwiteit van die kunsmisprodukte en gewasse.

Ons by Kynoch Kunsmis kyk nie net na elke voedingstof nie, maar veral ook na hoe ons die effektiwiteit van kunsmisprodukte en die effektiwiteit van die gewas kan verhoog. Hierdie verhoging van effektiwiteit kan tot die winsgewendheid van die produsent lei.

## Tot en met planttyd

Kunsmisprodukte met 'n hoër effektiwiteit kan reeds voor-plant uitgestrooi word. Só 'n produk is byvoorbeeld KynoPlus™ – 'n stikstofkunsmis met 'n hoër effektiwiteit as van die ander produkte. KynoPlus of KynoPlus-mengsels (stikstof-, fosfaat-, kalium- en swaalmengsels) kan reeds voorplanttyd uitgestrooi word aangesien hierdie produkte 'n urease-inhibeerder bevat wat moontlike stikstofverliese weens vervlugtigting bestuur. Die bestuur van die vervlugtigingsverliese kan meer geld in die produsent se sak sit.

Hoewel daar genoegsame voedingstowwe in die grond teenwoordig kan wees, kan die jong saailing steeds voedingstoftekorte weens swak grond- en/of klimaatstoestand ondervind. Hierdie tekorte kom veral

onder koue en nat toestande voor waar die jong saailing se wortelontwikkeling gestrem is.

Om hierdie probleem op te los, kan KynoPop™ naby die saad toegedien word om 'n goeie wortelstelsel vroeg in die seisoen te vestig. Met 'n goeie wortelstelsel, sal die jong saailinge verdere koue/nat toestande beter kan teenstaan en ook minder vatbaar vir moontlike onkruidodder-skade wees.

Hierdie tipe toediening is aanvullend tot bandgeplaaste kunsmis met-planttyd en kan nie bandgeplaaste kunsmis met-planttyd vervang nie. Dié tipe toediening kan ook elke jaar as 'n standaardtoediening by gewasse gedoen word.

## Na-planttyd-toedienings

Daar kan besluit ook later in die seisoen 'n verskil gemaak word. KynoPlus met 'n hoër effektiwiteit kan as topbemesting gebruik word om in die gewas se stikstofbehoefte te voorsien. Dit kan, indien nodig, ook saam met byvoorbeeld kalium en/of swael toegedien word. Die kombinasie van meer as een voedingstof in die topbemestingsprogram kan ook die effektiwiteit van die gewas verhoog.

Blaartoegediende bemesting se opname is baie meer effektief as grondtoegediende bemesting. Dit is ongelukkig nie moontlik om in die gewas se totale behoefte met blaarvoedings te voorsien nie. Wat ook

belangrik is om te weet, is dat verskillende gewasse verskillende behoeftes het.

Blaarvoeding, soos Kynoch se Oemff®-reeks, is gewasspesifiek (ontwikkel om in 'n spesifieke gewas se behoefte te voorsien) en ook groeistadiumspesifiek. Gedurende 'n gewas se groeiperiode is daar sekere voedingstowwe wat meer belangrik as ander is. Hierdie reeks blaarvoedings is 'n uitstekende manier om nie net moontlike plantvoedingstekorte op te hef nie, maar ook om die metaboliese prosesse in die plant te bestuur.

## Kombinasies

Die doel van hierdie benadering is om kunsmisprodukte sowel as die plant self, meer effektief te maak. Daar bestaan nie so iets soos 'n silver bullet in gewasverbouing nie. Die geheim lê in die gebruik van die regte kombinasies om die effektiwiteit van die produkte sowel as dié van die gewas te verbeter.

Indien die kunsmis sowel as die gewas se effektiwiteit verhoog kan word, kan dit tot hoër opbrengste en kwaliteit lei. Hierdie verhoogde opbrengs en/of kwaliteit is tot voordeel van die voedselprodusent om sy winsgewendheid te verbeter.

Die verbetering van die voedselprodusent se winsgewendheid word ondersteun deur Kynoch se strewe na verhoogde effektiwiteit deur innovasie. ■



▲ 'n Gedeelte van die navorsingsproewe waar die effektiwiteit van die produkte en die gewasse getoets word.

“ Die geheim lê in die gebruik van die regte kombinasies om die effektiwiteit van die produkte sowel as dié van die gewas te verbeter. ”